

Hulpbronne

# Wenke vir storie-aktiwiteite

**Om saam met kinders 'n storie vir die lekkerte te lees, is op sigself 'n fantastiese manier om bande te versterk en op te voed. Maar het jy geweet jy kan 'n paar eenvoudige aktiwiteite insluit wat die ervaring van die storie sal verbreed *en* die opvoedingselement verryk? Hier is 'n paar wenke om jou daarmee te help. Probeer een wenk op 'n slag en bepaal watter die beste vir jou en jou kinders werk.**

### Liedjies en rympies

Sing 'n liedjie of sê 'n rympie op wat met die inhoud van die storie verband hou.

### Laat hulle raai

Help jou kinders se voorspellingsvaardighede aan deur vrae te vra terwyl jy lees. 'Wat dink jy gaan volgende gebeur', is 'n goeie voorbeeld hiervan.

### Verbreed emosionele en intellektuele verbindings

Moedig kinders aan om hulle gevoelens en opinies uit te druk. Kry hulle aan die dink en versterk hulle vaardigheid vir probleemoplossings deur vrae soos 'hoe sou jy voel as dit jy was?', 'dink jy dit was die regte ding om te sê/doen?', en 'wat sou jy sê/doen as dit jy was?', te vra.

### Kyk mooi na die prente

Vra jou kinders om mooi na spesifieke detail in die illustrasies te kyk. Laat hulle tel, beskryf, identifiseer of interpreteer wat hulle in die prente waarneem.

### Teken

Laat jonger kinders 'n prent teken oor hul gunsteling deel van die storie. Vra ouer kinders om 'n kaart te teken waar die storie afspeel. Indien kinders iets wil teken wat weg van die storielyn beweeg – soos 'n ander einde, of as hulle hulself as een van die karakters wil teken, moedig dit aan.

### Resenseer die boek

Vra kinders waarvan hulle in die boek gehou het en of daar enige iets was wat hulle anders sou wou hê.

### Voer dit op

Voer die storie, of 'n deel daarvan saam op. Of julle kan aantrek volgens die storie en vir 'n uur of twee voorgee om die karakters in die storie te wees!

### Kry kinders aan die skryf

Laat hulle 'n brief of e-pos aan die skrywer skryf en stuur dit werklik aan! (Jy kan dit doen deur die brief aan die uitgewer te stuur, wat dit na die skrywer sal aanstuur.) Stel voor dat hulle 'n gedig skryf waarin hulle een van die karakters beskryf, of laat hulle 'n resensie van die boek skryf wat hulle met vriende kan deel.

### Skep jou eie boeke

Vou 'n paar velle papier om 'n boek te vorm sodat jonger kinders hulle eie boeke kan skep. Moedig hulle aan om prente te teken. Help jonger kinders om hulle boeke te voltooi deur die woorde wat hulle kies, vir elke prent neer te skryf. Ouer kinders kan hul eie skryfwerk doen. Laat hulle self die woorde spel en prys hulle pogings. Bied jou hulp aan as hulle daarvoor vra. Moedig jou kinders aan om hul eie boeke te lees en dit met ander te deel en uit te ruil!



